Vrae en Vereistes vir Nuwe Lidmate

Ons beskou kerklidmaatskap as ‘n baie ernstige saak. Die kerk is nie ‘n menslike instelling nie, maar is deur God in die lewe geroep (Matt. 16:18, 1Kor. 1:2, Hand. 20:28). Net gelowiges mag deel wees van die plaaslike liggaam van Christus. Volgens Hand. 2:41 is dit dié wat die Woord van die evangelie in hulle harte ontvang het, wat gedoop is en by die gemeente gevoeg is.

Om deel te wees van ‘n plaaslike gemeente is ‘n Bybelse vereiste. Dit is nie sonder rede dat elke brief in die Nuwe Testament aan ‘n plaaslike gemeente, haar leraar, of een van haar lede geskryf is nie. Nuwe Testament opdragte soos ‘dra mekaar se laste... bid vir mekaar... vergewe mekaar... vermaan mekaar,’ kan alleenlik effektief uitgevoer word as jy deel is van ‘n gemeente. Die opdrag om lidmate te dissiplineer (Matt. 18:15-17), jou geestelike leiers te gehoorsaam (Heb. 13:17) en die nagmaal saam met ander gelowiges te herdenk (1Kor. 11:17-34), veronderstel kerklidmaatskap. Iemand wat in sonde volhard kan mos nie uit die gemeente verwyder word, as hy of sy in die eerste plek nie deel was nie. Aan watse leiers moet jy gehoorsaam wees as jy nie deel is van ‘n plaaslike gemeente nie? Hoe kan jy die nagmaal saam met ander gelowiges herdenk as jy hulle nooit sien nie? Dit is duidelik dat die vroeë kerk geweet het wie deel was van die gemeente en wie nie (Hand. 2:41, 4:4, 5:13-14, Rom. 16:1).

Indien jy belangstel om ‘n lidmaat van ons gemeente te word, vra ons dat jy eers vir ’n paar maande die eredienste en, indien moontlik, die Bybelstudies sal bywoon. Sodoende leer jy en die gemeente mekaar ken, sien ons of daar bewyse van redding in jou lewe is, en kry jy die kans om ons gemeente ‘uit te kyk’. Indien jy ná hierdie tydperk nog steeds ‘n lidmaat wil word, dan verwag ons die volgende:

- Basiese inligting soos jou naam, woonadres, verjaarsdag, ens.
- ‘n Persoonlike getuienis van jou redding.
- Inligting oor lidmaatskap en berokkenheid in jou vorige gemeente.
- Verstaan en aanvaar jou verantwoordelikheid as ‘n lidmaat van die gemeente.
- Onderteken die gemeente se geloofsbelydenis.
- ’n Onderhoud met die ouderlinge.
- Werk deur die voorgeskrewe lidmaatskap klasse.
- Word gedoop as ’n gelowige.
- Jy moet deur die gemeente erken word.

BASIESE INLIGTING

Naam:
Woonadres:
Huisnommer:
Selnommer:
E-pos adres:
Verjaarsdag:
Huweliksherdenking:

PERSOONLIKE GETUIENIS

1. Is jy seker dat jy gered is? Hoekom of hoekom nie?

2. Waarop maak jy staat om hemel toe te gaan?

3. Wat is die evangelie─hoe verstaan jy dit?

4. Wat is ‘n Christen?

5. Deel asseblief jou gedagtes oor Jesus Christus: wie is Hy en hoekom is Hy belangrik in jou lewe?

6. Getuig jou gewete, die vrug van jou lewe en ander wat jou ken dat jy waarlik gered is?

7. Leef jy tans in volhardende sonde? Indien wel, verduidelik kortliks.

8. Verduidelik asseblief hoe jy tot bekering gekom het. Hoe het jou lewe voor jou bekering gelyk? Hoe het jou lewe na jou bekering verander?

VORIGE GEMEENTE

1. Was jy voorheen lidmaat van ‘n gemeente? Waar en wanneer?

2. Hoekom het jy die gemeente verlaat?

3. Is jy nog op die lederol van ‘n ander gemeente?

4. Is jy op goeie voet weg by jou vorige gemeente?

5. Het ‘n gemeente jou al ooit onder kerktug geplaas? Indien wel, verduidelik asseblief hoekom.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN LIDMATE

1. Bid en werk om in vrede die eenheid wat die Gees daarstel, te bewaar (Ef. 4:2-6).
2. Wy jouself toe aan die prediking en lering van God se Woord, die gemeenskap van gelowiges, die nagmaal en gesamentlike gebed (Hand. 2:42).
3. Moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly nie, maar gebruik die geleentheid om te groei en jou broers en susters op te bou (Heb. 10:24-25).
4. Wees betrokke in die gemeente. Gebruik jou gawe om ander te dien en die gemeente op te bou (1Kor. 12:7, Ef. 4:12).
5. Deel die evangelie in woord en daad met ongelowiges (Matt. 28:19, Hand. 8:4, 1Pet. 3:15).
6. Gehoorsaam jou geestelike leiers in soverre hulle jou in die waarheid van God se Woord lei (1Tess. 5:12-13, Heb. 13:17).
7. Lewe heilig en streef daarna om God se Woord te gehoorsaam (Joh. 14:15, 1Pet. 1:15-16).
8. Onderwerp jou aan die dissipline van die kerk. Wees ook gereed om te help waar ‘n broer of suster deur sonde oorval word (Matt. 18:15-17, Gal. 6:1-2, Heb. 3:13).
9. Dra gereeld en met ‘n blymoedige hart by vir die ondersteuning van die gemeente, die versorging van die armes, en die verspreiding van die evangelie na die nasies (1Kor. 9:14, 16:1-2, 2Kor. 9:7).

_____	_____	_____
Naam	Handtekening	Datum

GELOOFSBELYDENIS

‘n Kopie hiervan is aangeheg.

1. Is daar iets in die geloofsbelydenis waarmee jy nie saamstem nie? Indien wel, sê asseblief wat dit is en gee redes vir hoekom jy nie saamstem nie.

2. Indien jy oor dinge soos uitverkiesing verskil, sal jy jouself voorneem om nie die leierskap teë te gaan, jou siening te propageer, of verdeeldheid in die gemeente te saai nie?

DIE DOOP VAN DIE GELOWIGE

1. Is jy al as ‘n gelowige gedoop?

2. Is die doop van die gelowige vir jou ‘n struikelblok wat verhinder dat jy ‘n lidmaat word?

3. Indien die doop vir jou ‘n struikelblok is, wat is dit wat jou pla?

4. Is daar iets wat keer dat jy as ‘n gelowige gedoop word?

5. Het jy al ‘n deeglike Bybelstudie van die doop gemaak? Indien wel, wat was jou slotsom?

6. Indien die doop vir jou ‘n struikelblok is, is jy bereid om met die ouderlinge te gesels?

ERKENNING DEUR DIE GEMEENTE

Twee weke voordat ons ‘n lidmaat opneem, word dit tydens die eredienste afgekondig. Indien daar geen geldige besware is nie, sal jy by ‘n oggenddiens as lidmaat van die gemeente opgeneem word.

GELOOFSBELYDENIS*

1. Die 66 boeke van die Bybel (Ou- en Nuwe Testament) is deur die Heilige Gees geïnspireer. Dit is onfeilbaar en foutloos.[1] Dit is algenoegsaam en die enigste gesag vir geloof en lewe.[2] Dit is die finale en volkome openbaring van God.[3] Die eerste elf hoofstukke van Genesis moet letterlik verstaan word.[4] Ons verwerp evolusie of enige interpretasie wat sê dat die dae in Genesis 1 lang tydperke was.[5]

2. God bestaan van ewigheid af as die Vader, die Seun en die Heilige Gees–drie Persone maar een God.[6] Die Vader, die Seun en die Heilige Gees vervul verskillende rolle, maar is in elke opsig gelyk.[7]

3. Die Vader het ons voor die grondlegging van die wêreld uitverkies in sy Seun, Jesus Christus.[8] God het ons nie uitverkies omdat Hy geweet het ons sou glo, of omdat Hy enigiets goed in ons raakgesien het nie. Sy verkiesing is gebaseer op sy soewereine genade.[9]

4. Die Seun is deur die krag van die Heilige Gees gebore uit die maagd Maria en is volkome God en mens.[10] Hy was sondeloos in sy lewe.[11] Hy het 'n plaasvervangende soendood vir sondaars gesterf.[12] Hy is begrawe en het op die derde dag liggaamlik opgestaan uit die dood.[13] Hy het in sy liggaam opgevaar na die hemel en tree nou as Hoëpriester en Advokaat vir ons in.[14]

5. Die Heilige Gees is 'n Persoon en nie bloot 'n krag nie.[15] Die Vader en die Seun het Hom gestuur om die wêreld te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel.[16] Hy wederbaar, bewoon, heilig, vertroos en verseël God se kinders tot die ewige lewe.[17]

6. Alle mense is met 'n sondige natuur gebore en is ook sondaars deur hulle eie keuse.[18] Om van sonde en God se oordeel gered te word moet 'n mens die feite van die evangelie glo, sy of haar sonde laat staan, en op Jesus alleen vertrou vir vergifnis van sonde.[19] Ware geloof sal altyd lei tot goeie werke.[20]

7. Dié wat Christus as Here en Verlosser ontvang het, sal vir ewig God se teenwoordigheid in die hemel en daarna op die nuwe aarde geniet.[21] Dié wat Hom verwerp sal vir ewig van God geskei wees en onder sy toorn ly in die hel.[22] Beide die hemel en die hel is letterlik en ewig.[23]

---

[1] Psalm 19:8, 2Timoteus 3:16
[2] 2Timoteus 3:17, 2Petrus 1:3
[3] Hebreërs 1:1, Openbaring 22:18-19
[4] Matteus 19:4-5, 23:35, 24:37-39, Romeine 5:12-21, 2Korintiërs 11:3, 1Timoteus 2:13-14, Hebreërs 11:4-7, 1Petrus 3:20, 2Petrus 2:5, 3:5-6, 1Johannes 3:12, Judas 11, 14-15
[5] Genesis 1:5, 8, 14, Eksodus 20:8-11
[6] Genesis 1:26, Matteus 3:16-17, 28:19, Johannes 1:1-3, Efesiërs 1:3-14, 4:4-6, Hebreërs 9:14
[7] Psalm 139:7, Johannes 5:23, Handelinge 5:3-4, Efesiërs 1:3-14, Hebreërs 1:3, 1 Petrus 1:2
[8] Romeine 8:29-30, Efesiërs 1:4-5, 1Petrus 1:2
[9] Romeine 9:10-23, 11:5-6
[10] Lukas 1:34-35, Johannes 1:1-3, 14, 8:58, Filippense 2:6-8, Kolossense 1:19, 2:9
[11] Hebreërs 4:15, 1Petrus 2:22
[12] Jesaja 53, Romeine 3:25, Galasiërs 3:13, 1Petrus 3:18
[13] Matteus 28, Lukas 24, Johannes 20, 1Korintiërs 15:1-11
[14] Handelinge 1:9-11, Romeine 8:34, Hebreërs 7:25, 1Johannes 2:1
[15] Johannes 14:26, Efesiërs 4:30
[16] Johannes 14:16, 26, 15:26, 16:7-11, Handelinge 2:33
[17] Johannes 3:5, Titus 3:5, Johannes 14:16-17, Efesiërs 1:13-14, 4:30
[18] Psalm 51:7, 58:4, Romeine 5:12
[19] Markus 1:15, 1 Korintiërs 15:1-4, Jakobus 2:19, Efesiërs 2:8-9
[20] Efesiërs 2:8-10, Jakobus 2:14-26
[21] Matteus 25:34, Johannes 6:39-40, 14:1-3, Openbaring 21:3-4
[22] Matteus 25:41, 1Tessalonisense 1:9, Openbaring 14:9-11, 20:15, 21:8
[23] Matteus 25:46, Markus 9:47-48, Lukas 16:19-31, Johannes 14:2-3, Judas 7, Openbaring 21-22, 14:9-11

8. Jesus het twee sakramente ingestel, naamlik die doop en die nagmaal.[24] Beide sakramente mag slegs aan gelowiges bedien word.[25] Deur die doop of onderdompeling vereenselwig die gelowige hom- of haarself met Jesus se begrafnis en opstanding.[26] Deur die nagmaal onthou die gelowige Jesus se kruisdood vir sondaars.[27]

9. Die kerk bestaan uit mense wat weergebore is en hulle redding bely deur onderdompeling.[28] Die kerk is die liggaam van Christus, waarvan Hy die Hoof is.[29] Die kerk bestaan om God te aanbid,[30] Jesus se kruisdood en opstanding deur die sakramente te herdenk,[31] gelowiges deur Woordbediening vir hulle dienswerk toe te rus,[32] die liggaam op te bou[33] en die evangelie aan die wêreld te verkondig.[34] Elke plaaslike gemeente is onafhanklik en interafhanklik van ander gemeentes.[35] Die kerk en die staat is deur God ingestel om verskillende funksies te vervul, en daarom moet hulle nie in mekaar se sfeer van invloed inmeng nie.[36]

10. Elke gelowige is ’n priester wat direkte toegang het tot God.[37] Jesus is die enigste Middellaar tussen God en mense.[38]

11. Elke gelowige is met die Heilige Gees verseël en word deur die krag van God in Christus bewaar tot die einde.[39] Daarom bely ons dat niks ons van God se liefde kan skei nie, en dat geen ware gelowige sy redding kan verloor nie.[40]

12. Jesus is die erfgenaam van alle dinge.[41] Hy regeer oor sy skepping.[42] Hy sal persoonlik en sigbaar terugkeer na die aarde toe volgens sy belofte.[43] By sy wederkoms sal almal wat gesterf het, gelowiges en ongelowiges, opstaan uit die dood.[44] Ongelowiges sal volgens hulle werke deur God geoordeel word om hulle verdiende straf te ontvang.[45] Gelowiges sal geoordeel word, nie om hulle eindbestemming te bepaal nie, maar om hulle beloning te ontvang.[46] Daar is verskeie goeddeurdagte sienings oor die eindtyd. Dit is onnodig om skeuring hieroor te veroorsaak in die kerk.

** Sien die 1689 Baptiste Geloofsbelydenis vir ’n meer volledige beskrywing van wat ons gemeente glo.*

---

[24] Matteus 26:26-29, 28:19
[25] Matteus 28:19, Romeine 6:3-4, 1Korintiërs 11:17-34, Kolossense 2:11-12
[26] Romeine 6:3-5, Kolossense 2:11-12
[27] 1Korintiërs 11:23-26
[28] Handelinge 2:38-41
[29] Efesiërs 1:22-23
[30] Johannes 4:23-24
[31] Sien teksverwysings by voetnotas 24-27
[32] Efesiërs 4:11-12
[33] 1Korintiërs 14:12, Efesiërs 4:12
[34] Matteus 28:18-20
[35] 1Korintiërs 1:2, Galasiërs 1:2
[36] Handelinge 4:18-20, Romeine 13:1-7, 1Timoteus 2:1-2
[37] Hebreërs 4:16, 10:19-22, 1 Petrus 2:5, 9
[38] Johannes 14:6, 1Timoteus 2:5
[39] Efesiërs 1:13-14, 4:30, 1 Petrus 1:4-5
[40] Romeine 8:28-30, 38-39, Johannes 6:37-40, 10:28-29
[41] Hebreërs 1:2
[42] Hebreërs 1, Openbaring 4-5
[43] 1Tessalonisense 4:16
[44] Daniël 12:2, Johannes 5:28-29, Openbaring 20:12-13
[45] Matteus 16:27, 25:41, 46, Romeine 2:6-11, Openbaring 20:12-13
[46] Johannes 5:24, Romeine 2:6-11, 8:1, 1Korintiërs 3:12-15, 4:5, 2Korintiërs 5:10, Judas 24